


Deel 2



Een oggend gebeur iets vreesliks. Paddavissie dink hy droom. Onderaan sy lyfie steek twee snaakse goed uit! Hy skud verbaas sy kop en probeer wakker word, maar hy is wakker..... en hulle is nog steeds daar.

“Iets is verkeerd met my!” skree hy bang. “Help! Mamma! Ek verander in ‘n monster!” skree Paddavissie.

“Dis net jou beentjies!” sê sy liefdevol. “Jy sal nog dankbaar wees vir hulle!” Tante Akkedis staan nader. “Kleinding!” sê sy vriendelik, “om beentjies te hê is wonderlik. Jy’s net besig om groot te word.” “Ek wil nie groot word nie!” huil hy hartseer.

Paddavissie se twee nuwe beentjies voel snaaks. En voor hy nog gewoon is aan hulle, verskyn daar nog twee! “Neel!” skree hy ontsteld. “Nie nog bene nie” Hy bekijk sy nuwe arms en bene. Sy stertjie word al korter!


“Oupaaa!” huil hy. “Ek verander in ‘n monster!” Oupa Brul lag net. “Dis reg so, Paddavissie. Jy MOET jou stertjie verloor. Dis deel van grootword.” “Maar ek kan niks sonder my stertjie doen nie,” snik Paddavissie. “Ek WIL nie groot word nie!”

Almal in die poel probeer arme Paddavissie troos. “Toemaar! Jy gaan nie meer jou stertjie nodig hê as jy groot is nie.” sê Mamma Padda. “Jy kan wonderlike dinge met jou bene doen!” lag Oom Garnaal en doen ‘n vrolike dansie om Paddavissie beter te laat voel.

“Niemand VERSTAAN nie!” sê Paddavissie sag. “EK WIL REGTIG NIE GROOT WORD NIE!” En hy begin huil in sy nuwe handjies. Paddavissie swem hartseer heen en weer in die poel. Elke keer as hy klein paddavissies sien speel, voel hy jaloers op hulle lang, pragtige stertjies. “Julle is só gelukkig!” sê Paddavissie. Hy wens, wens, wens hy was ook nog klein! Paddavissie is só ingedagte dat hy nie die groot, donker skaduwee bokant hom sien nie.....

Dis ‘n slang! “Jy’ssss hartsssseer?” sis Slang skelm. “Almal is verkeerd. Disss baie beter ssonder bene. Ek het nie bene nie en kyk hoe vinnig ssswem ék!” “Ek wil my stertjie terughê!” sê Paddavissie. “Ek kon SO vinnig swem met my stertjie! Kan jy my help om dit terug te kry?” “Natuurlik!” sis Slang. “Maar daar’s ‘n geheim daaraan. Ssswem sssso ‘n bietjie nader dat ek jou kan sssê....”

Paddavissie swem nader. Die slang maak sy kake wyd oop. Sy tande is lank en skerp.....



Paddavissie se hartjie begin skielik baie vinnig klop. Sy lyfie bewe. Skielik SIS Slang en spring vorentoe. Hy HAP! Paddavissie se bene reageer onmiddellik. Met een yslike sprong spring hy UIT die water en land veilig buite die poel. Sjoel

Hoera! Wat 'n wonderlike sprong! "Sjoel sê Paddavissie. "My bene is regtig sterk!" Hy kyk verwonder om hom rond. Dis so mooi! Om die poel is daar riete, gras, voëltjies en al sy maats. "Miskien is dit tóg lekker om groot te word!" sê Paddavissie en spring vrolik op en af.



Begripsvrae

1. Hoekom het Paddavissie in gesê hy verander in 'n monster?
2. Waarop was Paddavissie jaloers?
3. Watter woord beskryf hoe die slang se geaardheid was?
4. Hoe dink jy was Slang so vriendelik met Paddavissie?
5. Wat noem ons dit van wanneer 'n paddavissie gebore word tot hy 'n volwasse padda is?

Taalleer

1. Breek die volgende woorde op in lettergrepe.
onderaan paddavissie onmiddellik
2. Soek sinonieme (woorde wat dieselfde beteken) vir die volgende woorde.
baie groot —
opgewonde —
dadelik —
3. Soek antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenis) vir die volgende woorde.
binne-
gevind —
opgewonde -

Begripsvrae - MEMO

1. Hoekom het paddavissie in gesê hy verander in 'n monster?
Hy het pootjies gekry en sy stertjie het verdwyn. Hy het nie gehou van hoe hy lyk nie.
2. Waarop was Paddavissie jaloers?
Op die ander paddavissies se pragtige, lang stertjies.
3. Watter woord beskryf hoe die slang se geaardheid was?
skelm
4. Hoe dink jy was Slang so vriendelik met Paddavissie?
Slang wou vir Paddavissie vang.
5. Wat noem ons dit van wanneer 'n paddavissie gebore word tot hy 'n volwasse padda is?
Sy lewensiklus

Taalleer

1. Breek die volgende woorde op in lettergrepe.
onderaan on-der-aan paddavissie pad-da-vis-sie onmiddellik on-mid-del-lik
2. Soek sinonieme (woorde wat dieselfde beteken) vir die volgende woorde.
baie groot — yslik
opgewonde — vrolik
dadelik — onmiddellik
3. Soek antonieme (woorde met die teenoorgestelde betekenis) vir die volgende woorde.
binne- buite
gevind — verloor
opgewonde - hartseer